# News from our Regional Development Associations

The Border Regional Development Association held a very succesful annual congress and planning symposium at East London on Friday the 11th of April.

Several planning personalities attended the proceedings including the Honourable Mr Loots, Minister of Planning and the Environment, with Dr Rautenbach, Mr August Katzenburg and Mr Marius de Waal.

Papers were presented by Professors J F Potgieter, P C Fourie and D Page and by Messrs W J Davies and B G Philips.

---

# Boekbespreking

***Die Stad en sy Omgewing: 'n Studie in Nedersettingsgeografie.***
*I.J. van der Merwe en A. Nel.*
*Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars, Stellenbosch 1975. 225 pp. plus literatuurlys en indeks.*

Die skrywers voorsien in hierdie bundel 'n volledige oorsig oor nedersettingsgeografie, ryklik aangevul met verwysings na en bespreking van gepubliseerde materiaal.

Vir die beplanner is sekere geografiese begrippe en werkmetodes van groot belang, o.a. die identifikasie en kwantifisering van vorms en funksies en die groeifaktore in die ontplooiing van dorpe en stede, beginnende met hulle ontstaan en deurlopend tot hulle rypwording. Met die meer pragmatiese benadering van die beplanner dien die geografiese studies en analitiese prosesse tot normalisering van vorms en die projeksie van toekomspatrone, benewens die regstelling van afwykings en die opstel van administratiewe voorskrifte vir die ontwikkeling van geïdealiseerde stadsmodelle in die toekoms.

Die kritiek teen die werk is in die eerste plek dat daar te min verskyn oor die proses van verandering in die dorp en stad en oor die faktore van verandering. Voorts strek die behandeling van so 'n totale studieveld in 'n enkele boekdeel van 225 bladsye tot oorsigtelikheid. Volwaardige beplanningsvakke waaronder beplanningsnavorsing, geskiedenis van stedebou, stedelike sosiologie, demografiese analise, eknomie vir beplanners, vervoervoorsiening, simulasiemodelle, stadsbeplanning en ander, dek baie aspekte van die werk wat in die boek behandel word vollediger en in groter diepte.

Daar is egter sommige hoofstukke wat besondere temas op voortreflike wyse behandel en wat 'n leerstellige basis skep vir beplanning. Hieronder val die hoofstukke oor sentrale plekke en intrastedelike struktuur. Dosente in stadsbeplanning sou met vrug die boek kon voorskryf vir hierdie besondere afdelings.

*Prof. D. Page*

---

---